


Hanri Wondergem

# Baba van die Jaar: Julie-groep

Nog 'n borg is aan boord vir *Beeld* se Baba van die Jaar-kompetisie, wat beteken vanjaar se wenbaba se pryse is meer as R32 000 werd.

Boonop is daar duisende rande se pryse op die spel vir die tweede en derde plek, asook elke maandwenner in die kompetisie.

Die wenbaba, die baba in die tweede plek en die baba in die derde plek kry vier maande se swemlesse, ter waarde van R4 000, in Kiddies Aqua Swimming Academy se selfreddingsprogram vir waterveiligheid (wat 'n swempak en -pet insluit.) Ná voltooiing van die program ontvang die drie babas ook agt maande se gratis swemlesse in die leer-om-te-swem-program ter waarde van R6 000.

Indien die wenners nie in staat is om die prys by een van hul takke te gebruik nie, ontvang hy/sy 'n koopbewys van Kiddies Aqua Swimming Academy se keuse ter waarde van R3 000.

Die ander pryse waarmee die wenbaba gaan wegkruip (of stap) is 'n kontantprys van R5 000 geborg deur *Beeld*, 'n R1 000-geskenkpak van Bennetts, 'n R500-geskenkbewys van 4aKid, 'n Sealy-enkelbed ter waarde van R6 000 én vyf nagte se verblyf in 'n selfsorgeenheid met 'n see-uitsig en slaapplek vir vyf mense by die TO Strand Beach Resort in Port Edward in KwaZulu-Natal ter waarde van R4 700.

Die wenner kry ook 'n gasverskyning deur Ollie die singende nar ter waarde van R5 000 by die wenner se dagsorgsentrum of kleuterskool, met 20 partytjiepakkies ingesluit (besprekings moet gemaak word volgens Ollie die singende nar se beskikbaarheid; R5 per km buite Pretoria is betaalbaar deur die wennerbaba se ouers).

Die naaswenner van die kompetisie se pryse sluit 'n R2 500-kontantprys geborg deur *Beeld*, 'n R1 000-geskenkpak van Bennetts, 'n R500-geskenkbewys van 4aKid en 'n Sealy-enkelbed van R5 000 in.

Die baba in die derde plek se pryse sluit in 'n kontantprys van R1 000 geborg deur *Beeld*, 'n R1 000-geskenkpak van Bennetts, 'n R500-geskenkbewys van 4aKid en 'n Sealy-enkelbed van R4 000.

Elke maandwenner kry 'n R1 000-geskenkpak van Bennets, 'n R500-geskenkbewys van 4aKid, 'n gasverskyning van Ollie die singende nar by die baba se verjaardagpartytjie ter waarde van R1 600 en een maand se swemlesse ter waarde van R1 000 by Kiddies Aqua Swimming Academy in hul selfreddingsprogram vir waterveiligheid.

Skryf vandag nog jou kleinding in om in aanmerking te kom vir die heerlike pryse.

Gaan loer op *Beeld* se Facebookblad vir die volledige bepalings, voorwaardes en meer inligting oor die kompetisie en die borge.

Jy kan kies vir watter maand jy jou baba wil inskryf – solank die baba nog nie sy of haar eerste verjaardag gevier het voor of op die sluitingsdatum vir die betrokke maand waarvoor julle inskryf nie.

Kyk net die skattige gesiggies in die Julie-groep van *Beeld* se Baba van die Jaar-kompetisie. Jy kan tot 21 Julie om 12:00 vir jou gunstelingbaba uit dié groep stem.

*Beeld* se Baba van die Jaarkompetisie duur tot 28 Maart 2022 en daar sal elke maand 'n groep pienkvoete wees waaruit lesers hul gunsteling kan kies.

Die volgende spertyd vir die volgende groep se inskrywings is 16 Julie 2021.

Elke baba mag net een keer ingeskryf word.

Babas wie se foto nie geplaas is in die maand waarvoor hulle ingeskryf is nie en teen die volgende maand se sluitingsdatum nog jonger as 12 maande is, se inskrywing kom outomaties weer in aanmerking vir die volgende groep.

| Groep | Inskrywings: spertye | Foto's van finaliste in *Beeld* | Stemme: spertye | Maand-wenner aangekondig in *Beeld* |
|---|---|---|---|---|
| Junie-groep | 4 Jun | 9 Jun | 30 Jun | 5 Jul |
| Julie-groep | 25 Jun | 30 Jun | 21 Jul | 26 Jul |
| Augustus-groep | 16 Jul | 21 Jul | 11 Aug | 16 Aug |
| September-groep | 6 Aug | 11 Aug | 1 Sep | 6 Sep |
| Oktober-groep | 27 Aug | 1 Sep | 22 Sep | 27 Sep |
| November-groep | 17 Sep | 22 Sep | 13 Okt | 18 Okt |
| Desember-groep | 8 Okt | 13 Okt | 3 Nov | 8 Nov |
| Januarie-groep | 29 Okt | 3 Nov | 24 Nov | 29 Nov |
| Februarie-groep | 19 Nov | 24 Nov | 15 Des | 20 Des |
| Maart-groep | 14 Jan | 19 Jan | 9 Feb | 14 Feb |
| April-groep | 4 Feb | 9 Feb | 2 Mrt | 7 Mrt |
| Mei-groep | 25 Feb | 2 Mrt | 23 Mrt | 28 Mrt |

**Belangrike datums**

**Skryf so in**

1. Verstrek die volgende in 'n Word-dokument:
a) Die baba se noemnaam (nie bynaam of volle name nie);
b) Die baba se geboortedatum;
c) Die geslag van die baba;
d) Die baba se ouers se naam en van;
e) Indien die baba se ouers se vanne verskil, verskaf asseblief die baba se van;
f) Woonadres;
g) Ouers se e-posadresse; en
h) Ouers se selfoonnommers.

2. Antwoord die volgende vrae in dieselfde Word-dokument:
a) In watter hospitaal en hoe laat is die baba gebore?
b) Hoe het julle op die baba se naam besluit?
c) Vertel iets spesiaal/interessant oor die baba se geboorte/geboortedag.
d) Die hoeveelste kind is die baba in die gesin?
e) Wat is jul droom vir die baba?

3. Heg 'n duidelike kleur- of swart-en-wit gesigfoto van die baba as 'n aparte dokument aan die e-pos-inskrywing. Die foto moet in JPG-formaat en groter as 1 MB wees. In die geval van 'n tweeling of meer babas, stuur steeds slegs een foto waarop al die babas verskyn.

4. E-pos die inskrywing na babas@beeld.com. Tik die baba se naam en van sowel as die maand waarvoor julle inskryf in die onderwerplyn. Voorbeeld: Piet Pompies, Julie.

**Stem op 1 van 3 maniere**

Dit bly die persoon wat stem se verantwoordelikheid om stemme op tyd in te dien en *Beeld* neem geen verantwoordelikheid vir laat stemme nie. Laat stemme sal nie in aanmerking geneem word nie.

Dieselfde prosedure geld vir babas wat buite *Beeld* se verspreidingsgebied val en wil deelneem.

Jy kan soveel kere stem as wat jy wil.

■ **PROSES 1** (elke SMS tel 1 punt)
SMS BABA, gunstelingbaba se naam en van, jou naam en van, waar jy woon en e-posadres aan 35986.

Die SMS-lyn is oop tot 12:00 op die dag wat stemme vir 'n spesifieke groep sluit. Elke SMS kos R1,50. Gratis SMS'e geld nie en foutiewe SMS'e sal verreken word.

SMS-voorbeeld: BABA, Dian Zietsman, Tanya Kleynhans, Auckland Park, tanya.kleynhans@media24.com.

Deelnemers aan die kompetisie deur middel van stemproses 1 verleen met die gebruik van die SMS-stemme toestemming aan *Beeld* en sy borge om by geleentheid sy produkte en/of dienste aan hulle te bemark.

■ **PROSES 2** (elke stem tel 5 punte)
Ekstra koerant-stemme vir 'n baba kan op die dag van publisering by Tanya Kleynhans aangekoop word (tanya.kleynhans@media24.com). Beeld sal die koerante aan 'n organisasie van sy keuse skenk.

■ **PROSES 3** (elke stem tel 5 punte)
Stuur die oorspronklike, voltooide stemstrokie wat in *Beeld* gepubliseer word aan: Baba van die Jaar, Kingsway 69, Mediapark, Auckland Park, 2006.

Stemme kan ook in 'n koevert by *Beeld* se kantoor in Johannesburg afgelewer word: Ontvangs, Kingsway 69, Mediapark, Auckland Park, 2006.

## Julie-inskrywings


**Zoë Mulder van Krugersdorp, Gauteng, is op 8 September 2020 gebore.**


**Cayce Louis Gerber van St. Helenabaai in die Wes-Kaap is op 6 April 2021 gebore.**


**CJ Blignaut van Pretoria, Gauteng, is op 25 Augustus 2020 gebore.**


**Daniel Barkhuizen van Bloemfontein, Vrystaat, is op 28 September 2020 gebore.**


**Duardt Myburgh van Boksburg, Gauteng, is op 9 Augustus 2020 gebore.**


**El-Mia Momberg van Lydenburg, Mpumalanga, is op 2 Desember 2020 gebore.**


**Daniël de Klerk van Christiana, Noordwes, is op 10 November 2020 gebore.**


**Elné Basson van Villiers, Vrystaat, is op 24 Mei 2021 gebore.**


**Jaydean Smit van Sundra, Mpumalanga, is op 17 September 2020 gebore.**


**Karlie Wienand van Krugersdorp, Gauteng, is op 20 Februarie 2021 gebore.**


**Khensani Khosa van Pretoria, Gauteng, is op 21 Augustus 2020 gebore.**


**Leah Bredenkamp van Vryburg, Noordwes, is op 24 Desember 2020 gebore.**


**Marike Grobler van De Doorns, Wes-Kaap, is op 9 September 2020 gebore.**


**Monique Mostert van Secunda, Mpumalanga, is op 21 Januarie 2021 gebore.**


**Leah du Toit van Brakpan, Gauteng, is op 12 November 2021 gebore.**


**Roel Damstra van Pretoria, Gauteng, is op 1 Februarie 2021 gebore.**


**Schalk Ferreira van Potchefstroom, Noordwes, is op 31 Julie 2020 gebore.**


**Trienke Moolman van Bloemfontein, Vrystaat, is op 9 Oktober 2020 gebore.**


**Zian en Zivan van Staden van Pretoria, Gauteng, is op 23 Maart 2021 gebore.**

